# EFÉSIËRS 3:1-6

**TEMA:** **Efe 3:6 Belofte in Christus deur die Evangelie**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: EFÉSIËRS 3:1-6

**Efe 3:1 Om hierdie rede is ek, Paulus, die gevangene van Christus Jesus vir julle wat heidene is—**
**Efe 3:2 as julle ten minste gehoor het van die bediening van die genade van God wat aan my verleen is vir julle,**
**Efe 3:3 dat Hy aan my deur 'n openbaring bekend gemaak het die verborgenheid, soos ek tevore kortliks geskryf het;**
**Efe 3:4 waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan,**
**Efe 3:5 wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie soos dit nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is deur die Gees, naamlik**
**Efe 3:6 dat die heidene mede-erfgename is en medelede van die liggaam en mededeelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie**

-o0o-

### 1. GEESTELIKE VRUG

**Efe 3:1 Om hierdie rede is ek, Paulus, die gevangene van Christus Jesus vir julle wat heidene is—**
**Efe 3:2 as julle ten minste gehoor het van die bediening van die genade van God wat aan my verleen is vir julle,**
**Efe 3:3 dat Hy aan my deur 'n openbaring bekend gemaak het die verborgenheid, soos ek tevore kortliks geskryf het**
**Efe 3:4 waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan,**

Christus het Homself aan Paulus geopenbaar. Paulus sit in gevangenisskap terwille van die heidene, ter wille van die verkondiging van die Woord, terwille van die Evangelie. Die openbaring van Christus Jesus in Paulus se lewe het veroorsaak dat Paulus se lewe verander. Gevolglik dra hy vrug van die verandering wat Christus, die Woord, in sy lewe teweeg gebring het. Paulus hou dit nie vir homself nie. Hy stel dit bekend aan die heidene.

'n Mens kan Christus alleenlik verstaan, wanneer die verborgenhede van die Woord deur die Gees van God aan die mens geopenbaar word. 'n Geestelike vader of moeder help 'n mens om hierdie dinge aan jou te openbaar. Om dit te kan doen, moet die geestelike vrug in hulle lewens sigbaar wees en God verheerlik, sodat die saad in daardie vrug, weer in mense se lewens gesaai kan word, dit ontkiem en groei om geestelike oeste op te lewer. Dit is egter 'n mens se eie keuse of jy dit wil aanneem of verwerp.

### 2. GEESTELIKE GAWES

Efe 3:5 wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie soos dit nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is deur die Gees

Wie is hierdie apostels en profete? *Dit is mense deur wie die geestelike gawes funksioneer*. Onthou jy kan nie ontvang wat jy nie kan hanteer nie.

Eenvoudige voorbeeld: Jy kan nie vir 'n baba 'n "rump steak" (bees filet) gee nie. Jy gee 'n "rump steak" vir 'n volwasse persoon wie se spysverteringstelsel goed ontwikkel is sodat hy dit reg kan hanteer. Jy gaan ook nie vir 'n 4-jarige kind wie miskien 'n klein stukkie "rump steak" kan eet, 'n 500g "rump steak" gee nie. Jy gee

net vir die kind na die mate wat hy kan hanteer. Anders kan dit wat jy vir hom gee tot nadeel van hom wees; hy kan dalk verstik of ooreet of enigiets kan gebeur.

Dit is wat Paulus sê in vers 3: *die Heilige Gees het Christus aan my geopenbaar nou gee ek Hom aan julle*. Hy sê Christus het deur die verborgenheid nou geopenbaar wat nie aan die mense kinders geopenbaar was nie. Dit wat Hy deur Sy heilige apostels en profete openbaar, het niks met titels te doen nie, mense wat funksioneer in ‘n plek waar God hulle geplaas het, nie waar hulle hulself plaas deur titels, roem, status en eer nie.

‘n Mens moet vergeet wat profete sê en liewers hoor wat die Heilige Gees sê. Mense is so geneig om na diegene te verwys as “profeet of apostel” en plaas hulle op ‘n voetstuk dan dra daardie persoon glad nie die vrug van die bekering nie. Dit moet gaan oor mense wat God bevorder het en nie oor mense wie hulself bevorder het nie. Dit moet gaan oor mense wat die vrug dra van die Heilige Gees, soos wat Christus Homself openbaar het aan die *heilige apostels en profete deur Sy Gees.*

### 3. GEESTELIKE FAMILIE

Efe 3:6 dat die heidene mede-erfgename is en medelede van die liggaam en mededeelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie

**Die Belofte**

Daar is ‘n geweldige belofte wanneer jy deel is van die liggaam, waar jy ingebore is. By ‘n organisasie kan jy net ‘n briefie invul en ‘n aansoek vorm voltooi om dan ‘n lid te word. Maar by ‘n liggaam, by ‘n familie, moet jy ingebore word. En as jy eenkeer ingebore is in ‘n familie, sal jy altyd by daardie familie bly. Jy sal altyd deel wees van daardie familie; jy dra daardie familie se naam. Sodanig dra jy ook daardie bediening se naam. En of julle in die familie nou koppe stamp of wat ook al, dit forseer nie dat jy jou goed vat en weg hardloop nie en jou van (surname) verander nie.

Dit is egter wat gebeur in die evangelie; mense raak in rebellie, teen gesag want hulle kan nie gesag hanteer nie. Meestal lê die probleem by die lede self en nie by die leiers nie.

Paulus sê daar is ‘n belofte in Christus deur die evangelie; met ander woorde, ons word dus nou mede-erfgename van Christus.

Hoe word ons mede-erfgename van Hom? Deur deel te word van Sy Liggaam. Jy kan nie erf as jy nie deel is van sy liggaam nie. Dit beteken, die Bruid kan alleenlik sê sy is deel van die Bruidegom se huishouding as sy in die verbond met Hom staan; as sy een geword het met Hom - saamgevoeg is, dan is sy mede-erfgename en medelede van Sy liggaam. Nie van ‘n kerk organisasie nie maar van die Liggaam van Christus Jesus; en mededeelgenote aan Sy belofte in Christus.

Ons moet nie elkeen in sy hoekie te sit nie. Dit is nie hoe Christus se lig skyn nie; Sy lig skyn deur Sy Liggaam, deur Sy Bruid en as ons nie as ‘n eenheid kan funksioneer nie dan het ons moeilikheid.

-o0o-

**BYKOMENDE VERDUIDELIKING**

Wanneer mens die Woord van God moet verkondig dan moet jy seker wees dat die Gees in beheer is. Dit is baie belangrik dat ‘n mens besef die Woord is ‘n twee snydende swaard. Wanneer jy as mens die Woord uitdra, daardie Swaard, die Woord eers na my kant toe sny. Want die Bybel sê die Swaard, die Woord, maak skeiding tussen murg en been. Ek kan nie ’n woord bring as die Woord van God nie besnydenis in my hart gedoen het nie. Dit moet eers in my lewe pos gevat het, die saad moet eers in my lewe in gesaai word, dit moet dit vrug dra in my lewe. Ek saai die saad van die vrug wat die Woord dra in my lewe en buitekant toe. Ek is veronderstel om dan ‘n getuie te wees van die Woord. Sou ek ‘n woord bring wat nie in my lewe sigbaar is nie, is ek ‘n valse getuie. Dan gaan dit nog steeds oor hoorsê en het ek dit nie ontvang nie. Die Woord het nie grond gevat in my lewe nie. Dan wil ek die Woord as ‘n swaard gebruik, die swaard wat Malchus die ore afkap. Wanneer dit vrug dra, dra ek dit met die salwing en met die krag van God se Gees.

-o0o-